WAT LEER DIE WOORD, WIE IS ONSE HERE JESUS CHRISTUS?

Die Eienaam van onse Here is Jesus. Jesus beteken Saligmaker of Verlosser. Die ampsnaam van onse Here is Christus. Christus beteken Gesalfde. In die Hebreeus is Jesus se ampsnaam Messias, en Messias beteken dieselfde as die Grieks – Christus, nl. Gesalfde.

Jesus het egter ook gekom as Koning van die wêreld, maar ook as Profeet en deur die Heilige Gees gesalf as Hoëpriester wat homself geoffer het vir die wêreld.

As Jesus vir jou sou vra soos vir Petrus "wie sê jy, is ek"? Wat sal jy antwoord? Petrus se antwoord het by Jesus die volgende ontlok "Salig is jy". Sal Jesus ook vir jou kan sê op jou antwoord, "Salig is jy".

Mag Jesus jou Saligmaker, Verlosser, Gesalfde, Koning, Profeet, Hoëpriester wees.

Gebed: Here Jesus, U is vir my die Christus, die Seun van die lewende God.

Seën: Salig is jy.

Ds Bennie Powell